



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

MUSIEK V2

NOVEMBER 2011

# MOONTLIKE ANTWOORDE

PUNTE: 33

Hierdie memorandum bestaan uit 12 bladsye.

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Skryf jou antwoorde op hierdie vraestel.

4. Hierdie eksamen sal geskryf word terwyl kandidate na 'n CD luister.

5. Die musiekonderwyser van die sentrum moet die eksamen in die teenwoordigheid van die opsiener afneem.

6. Die laaste bladsy van hierdie vraestel is manuskrippapier wat vir rofwerk gebruik kan word. Die kandidaat mag die bladsy verwyder.

**INSTRUKSIES AAN DIE PERSOON WAT MET DIE KLANKTOERUSTING WERK**

1. Die instruksies vir die musiekonderwyser verskyn in raampies.

2. Elke musiekuittreksel (snit) moet die vereiste aantal kere, soos op die vraestel gespesifiseer, gespeel word. Laat genoeg tyd tussen herhaalde snitte om kandidate toe te laat om hulle antwoorde neer te skryf voordat die volgende snit gespeel word.

3. Die nommer van die snit moet elke keer duidelik aangekondig word voordat dit gespeel word.

4. 'n CD-speler wat met batterye werk, moet beskikbaar wees in geval van 'n kragonderbreking.

## NASIENROOSTER

| AFDELING | VRAAG | TOTAAL | NASIENER | MODERATOR |
|---|---|---|---|---|
| AFDELING A | 1 | 2 | | |
| | 2 | 8 | | |
| | **SUBTOTAAL** | **10** | | |
| AFDELING B | 3 | 6 | | |
| | 4 | 5 | | |
| | 5 | 2 | | |
| | **SUBTOTAAL** | **13** | | |
| AFDELING C | 6 | 10 | | |
| | **SUBTOTAAL** | **10** | | |
| | **GROOTTOTAAL** | **33** | | |

Kopiereg voorbehou

## AFDELING A: GEHOOR


## VRAAG 1

1.1 Snit 1 sal VIER keer gespeel word.

Luister na die musiekuittreksel wat vier keer gespeel sal word. Maak 'n kruisie (X) in die blokkie langs die melodie wat die korrekte notasie toon.

1.1.1  ☐

1.1.2  X

1.1.3  ☐ (1)

1.2 Snit 2 sal EEN keer gespeel word.

Luister na die musiek.

Maak 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie om die mees gepaste term aan te dui vir die manier waarop die pianis met 'n mate van vryheid van tempo speel.

| Ostinato | Accelerando | Rubato | Ritenuto |
|---|---|---|---|
| | | X | |

(1)
**[2]**

Kopiereg voorbehou 

**VRAAG 2: DIKTEE, KADENSE, AKKOORDE EN INTERVALLE**

Lees en bestudeer die vrae vir EEN minuut.

| Snit 3 sal EEN keer gespeel word. |
|---|



2.1 | Snit 4 sal TWEE keer gespeel word. |

Lewer kommentaar op die tekstuur van maat 1 en 2.

**Antwoord:**
Instrumente (strykers) klink in oktawe/Monofoniese tekstuur/Alle instrumente speel dieselfde melodie/unisoon.
1 punt (1)

2.2 | Snit 5 sal VIER keer gespeel word. |

Luister na die musiek van maat $3^4$–$7^3$ en skryf die ontbrekende note by (a) op die musiekpartituur in.

**Antwoord:**
½-punt per noot = 8 ÷ 2 = 4
Sien partituur op volgende bladsy.
Toonhoogte EN ritme moet korrek wees. (4)

2.3 | Snit 6 sal EEN keer gespeel word. |

Watter verskil hoor jy in die strykparty tussen die passasies wat (a) en (b) gemerk is? Die snit sal in maat $3^4$ begin.

**Antwoord:**
Melodie klink 'n oktaaf (½ punt) hoër (½ punt). (1)

2.4 | Snit 7 sal EEN keer gespeel word. |

Luister weer na die hele stuk en beantwoord die vrae wat volg.

2.4.1 Noem die kadens by (c).

**Antwoord:**

Volmaakte kadens
of V - I (1)

2.4.2 Watter melodiese komposisietegniek hoor jy by die twee subfrases by (d)?

**Antwoord:**

Sekwens
Herhaling op 'n ander toonhoogte (1)

**[8]**

Kopiereg voorbehou




**TOTAAL AFDELING A: 10**

Kopiereg voorbehou

## AFDELING B: HERKENNING VAN MUSIEKBEGRIPPE

### VRAAG 3

Lees en bestudeer die vrae vir EEN minuut.

3.1 | Snit 8 sal EEN keer gespeel word. |

3.1.1 Watter tipe orkes hoor jy?

**Antwoord:** Big band / Jazz-orkes / Jazz combo / swing band (1)

3.1.2 Noem die solo-koperblaasinstrument wat jy in hierdie uittreksel hoor.

**Antwoord:** Trompet / kornet (1)

3.1.3 Watter EEN van die volgende stellings is KORREK?

Maak 'n kruisie (X) in die blokkie langs die korrekte stelling.

| | | |
|---|---|---|
| (a) | Die ritmeseksie speel 'n konstante matige swing-tempo. | X |
| (b) | Die ritmeseksie speel 'n konstante matige ragtime-tempo. | |

(1)

3.2 | Snit 9 sal EEN keer gespeel word. |

3.2.1 Noem EEN houtblaasinstrument en EEN koperblaasinstrument wat jy in hierdie uittreksel hoor.

**Antwoord:**
Houtblaser: Saksofoon

Koperblaser: Tromboon
(½ punt vir korrekte instrument, ½ punt vir korrekte instrumentfamilie)

(2)

3.2.2 Noem TWEE instrumente wat die ritmeseksie in hierdie uittreksel vorm.

**Antwoord:**
Tromstel / tromme OF sytrom / snaartrom / simbaal = 1 punt
(Elektriese) Baskitaar / kontrabas / bas = 1 punt (2)

Kopiereg voorbehou

3.3 Snit 10 sal EEN keer gespeel word.

3.3.1 Is hierdie 'n tipiese voorbeeld van 12-maat-blues?

**Antwoord:** Ja (1)

3.3.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 3.3.1.

**Antwoord:**
Motivering: maksimum = 4 punte

- Tipiese harmoniese progressie / I, IV & V in 'n spesifieke volgorde / harmoniese patroon van 12 mate = 1 punt
- Stadige tot mediumtempo = 1 punt
- Vier-maat-frases alterneer tussen vokale en instrumentale hantering = 1 punt
- Sentiment in teks is tipies melancholies = 1 punt
- [I I I I] [IV IV I I] [V IV I I of V] (4)
  (3 frases, 1 punt elk) = 3 punte **[6]**
- Blues-toonleer / "blue notes" / verlaagde 3, 5 & 7 = 1 punt
- Lirieke in A A B-vorm = 1 punt

**(12 ÷ 2)**

Kopiereg voorbehou

## VRAAG 4

| Snit 11 en 12 sal elk EEN keer gespeel word. |
|---|

4.1 Maak 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie om aan te dui of die stellings hieronder WAAR of ONWAAR is.

4.1.1 Beide uittreksels sluit 'n saksofoon in.

| WAAR | ONWAAR **X** |
|---|---|

(1)

4.1.2 Beide uittreksels sluit 'n tromstel in.

| WAAR | ONWAAR **X** |
|---|---|

(1)

| Snit 11 en 12 sal weer gespeel word. |
|---|

4.1.3 Noem EEN ooreenkoms tussen die uittreksels.

**Antwoord:** (Enige korrekte ooreenkoms kan aanvaar word.)

- Beide begin sag en word geleidelik harder.
- Beide bevat dieselfde melodiese materiaal.
- Beide bevat trombone.
- Beide is in 4/4-tydmaat. (1)
- Beide is in dieselfde toonsoort

4.1.4 Noem TWEE verskille tussen die uittreksels.

**Antwoord:** (Enige TWEE korrekte verskille kan aanvaar word.)

- A = Orkesverwerking/Simfonie-orkes
  B = Big band-swing-verwerking/Jazz-orkes
- A = Konstante 4/4
  B = Swing-ritme
- Hantering van die melodie, bv.
  A = Gelyke/Reëlmatige agstenote
  B = Gesinkopeerde ritmes
- A = Oorspronklike weergawe van kunsmusiek/klassieke musiek
  B = Jazz-weergawe
- A = Statige karakter
  B = Lewendige karakter
- A = Inleiding
  B = Geen inleiding

(2)

**[5]**

Kopiereg voorbehou

## VRAAG 5

Lees en bestudeer die vraag vir EEN minuut.

| Snit 13 sal TWEE keer gespeel word. |
|---|

Watter van die woorde of stellings hieronder word met hierdie werk geassosieer?

Maak 'n kruisie (X) in al die toepaslike blokkies.

| | |
|---|---|
| A cappella | X |
| Begin met 'n inleiding | - |
| Drie stemme | - |
| Meer as drie stemme | X |
| Gemengde koor | - |
| Pentatonies | - |
| Afrika-jazz-styl | - |

**[2]**

Indien meer as twee blokkies gemerk is, sal slegs die eerste twee antwoorde nagesien word.

**TOTAAL AFDELING B: 13**

Kopiereg voorbehou

## AFDELING C: VORMLEER

### VRAAG 6

Lees en bestudeer die vraag vir EEN minuut.

Die tweede beweging uit *Sonate Nr. 5 (K283)* van WA Molzart bestaan uit drie hoofseksies. Vrae sal slegs oor die 1ste en 3de seksie gevra word.

| Snit 14 sal EEN keer gespeel word. |
|---|

Luister na die eksposisie/uiteensetting terwyl jy die partituur volg. Slegs die regterhandparty is gegee.

Second movement from
Sonata No. 5 (K283) in G major

W.A. Mozart




6.1 Ontleed die vormleerstruktuur deur die tabel hieronder te voltooi.

**Antwoord:**

| MATE | SEKSIE | TOONSOORT |
|---|---|---|
| 1–4 | **Eerste onderwerp /tema/ groep / A** | **C majeur** |
| $5–8^4$ | **Brugpassasie / skakel / transisie** | **C majeur na G majeur / V toonsoort** *(Moet volledig wees; geen ½ punte.)* |
| $9–13^1$ | **Tweede onderwerp/ tema/groep / B** | **G majeur** |
| $13^2–14$ | **Skakel/Kodetta** | G majeur |

(7)

*Afdelings = 4 punte*
*Toonsoorte = 3 punte*

Kopiereg voorbehou

| Snit 15 sal EEN keer gespeel word. |
|---|

Luister na die rekapitulasie/heruiteensetting van dieselfde beweging.




6.2 Beantwoord die volgende vrae:

6.2.1 Noem die toonsoorte in maat 29–32.

**Antwoord:** F majeur moduleer na C majeur = 1 punt (1)
As 'n kandidaat slegs skryf modulasie na C majeur = ½ punt

6.2.2 Noem TWEE verskille tussen maat 33 en maat 34.

**Antwoord:** (enige TWEE = 2 punte)

- Dinamiek: Maat 33 is *forte* en maat 34 is *piano.*
- Maat 34 klink 'n oktaaf hoër as maat 33.
- Maat 34 is 'n ritmiese variasie/versiering van maat 33. (2)
- 32ste rustekens in maat 33, in maat 34 slegs 16de rus. **[10]**

**TOTAAL AFDELING C: 10**
**GROOTTOTAAL: 33**

Kopiereg voorbehou